

31 DESEMBER

SKRIFGEDEELTE: Kolossense 1:9-20

FOKUSGEDEELTE: Kol 1:9,10

Ons geloof en liefde vir al die gelowiges laat ons bid

Paulus en Timoteus bid sonder ophou, vir die gemeente in Kolosse. Hulle bid, dat die gemeente sal lewe tot eer van God, deur te lewe volgens Sy wil, deur die vrugte te dra van goeie werke, deur toe te neem in die kennis van God en deur geduldig te volhard in alle omstandighede.

In vers 4 lees ons, dat Paulus en Timoteus vir die gemeente bid, omdat hulle gehoor het van die gemeente se geloof in Jesus Christus en hulle liefde vir al die gelowiges.

Ons loof en dank God, dat Hy ons deur Jesus Christus verlos het. Hy het ons geskik gemaak om te deel in die heerlikheid van 'n ewige lewe. Jesus Christus, die Seun van God, deur Wie en tot Wie alles geskep is, maak dit vir ons moontlik om daaglik te groei in ons liefde vir al die gelowiges. Nou kan ons ook soos Paulus en Timoteus gedurig vir ons medegelowiges bid, terwyl ons volhard met die wete, dat ons medegelowiges ook vir ons bid.

Gebed en omgang met die Woord is die basis van ons verhouding met God. Slegs deur daaglikse gebed tot God, kan ons Sy wil vir ons lewens leer – kan ons groei in die wysheid en insig van die Gees. Gebed is egter ook meer as net die basis van ons persoonlike verhouding met God, dit is die eerste stap in die betoning van liefde aan ons medegelowiges. Vandag moet ons steeds bid vir ander gelowiges, sodat hulle kan groei in die geloof en hul liefde vir al die gelowiges.

Sing: Psalm 25:2

Willem Steyn (Teologiese Student)